

Liturgie vir Aswoensdag – 14 Februarie 2018

Inleidend

Hierdie liturgie is beplan en ontwikkel deur 'n ekumeniese groep leraars as 'n poging om Lydenstyd te begin deur dit doelbewus te plaas binne die konteks van die Wes-Kaap as droogtegeteisterde gebied. Dit is ons hoop dat elke Aswoensdag-diens ingerig sal word as 'n ekumeniese byeenkoms om ons daaraan te herinner dat ons gesamentlik deel in die bediening aan ons plaaslike gemeenskap.

Die vorm waarin hierdie liturgie gegiet is, word gedeel deur 'n wye spektrum van ons denominasies en die teks wat volg, moet aangepas word met die oog op die spesifieke benadering en behoeftes van die gemeente wat op hierdie besondere dag in die Here se naam sal vergader.

Onderliggend aan hierdie materiaal is die egte bewussyn van die droogte wat so 'n groot werklikheid is vir al die lede van elke gemeenskap in die Wes-Kaap. Terwyl ons dan so aan die begin van Lydenstyd byeenkom om ons individuele en gemeenskaplike sondigheid te bely, rig ons onself in nederigheid tot die God wat ons wil vergewe. Hierdie liturgie bied ruim geleentheid vir gemeenskappe om die goeie nuus van God se vergifnis aan te hoor, en om dan koers te hou in die uitleef van die goeie nuus waarvoor ons Here gesterf en uit die dood opgestaan het.

Die liedere wat tydens hierdie dienste gesing word, sal bepaal word deur die beskikbare musikante, sowel as die repertoire van die betrokke gemeente. Derhalwe moet diegene wat hulle plaaslike dienste beplan hulle eie liedere voeg in die ruimtes wat daar vir gesange en liedere in hierdie teks gelaat word.

Agtergrond vir die droogte situasie

Die droogte is die gevolg van 'n verskeidenheid faktore:

- minder as die gemiddelde reënval oor 'n periode van drie jaar;
- die massiewe bevolkingstoename in die Kaap;
- mislukte beplanning en bestuur op al drie owerheidsvlakke;
- gebruikspatrone;
- 'n tekort aan herbenutting (“recycling”);
- klimaatsverandering, waarskynlik ook in die mikro-klimaat van Kaapstad.

Die respons wat in hierdie situasie geverg word, behoort aan die volgende aspekte aandag te gee:

- Op die mees onmiddellike vlak, behoort almal te bid vir reën.
- Dit is baie belangrik dat ons dit sal doen met 'n gesindheid van nederigheid waarin ons erken dat God nog altyd van gelowiges gevra het om in die geloof te wandel – vandag is dit steeds so.
- Verder moet almal bid vir beter bestuur, beplanning en innovering in die ontwikkeling en verspreiding van hulpbronne.
- Dit is belangrik dat die bevolking 'n sensitiewe verhouding tot die natuur sal ontwikkel.

- Al hierdie aspekte behoort opgeneem te word in die gebede van gelowiges, in die gewone eredienste, sowel as in die gebede, spesifieke gebedstye en bidure buite die eredienste.

Aanvullende agtergrond inligting is beskikbaar by 'n verskeidenheid hulpbronne:

- Die liturgiese voorstel vir elke dag.
- Die Sentrum vir Publieke Getuienis (SPG) en in die besonder hulle verslag oor die waterkrisis.

Die Aswoendag Diens

God versamel ons voor Hom

Responsoriese groet

Die Here is met julle
En ook met jou

Waarom is ek so in vertwyfeling
en waarom kerm ek so?
Vertrou op God!
Ja, ons sal weer vir Hom 'n loflied sing.
Hy is ons helper en ons God

N.a.v. Psalm 42:6,7

Oproep tot aanbidding

Broers en susters in Christus,
elke jaar tydens Paastyd,
gedurende die "Christelike Pasga",
vier ons die verlossing
wat ons ontvang deur die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus.
Lydenstyd is 'n geleentheid om onself voor te berei vir hierdie viering
en om die daaglikse dissipline van skuldbelydenis, sowel as
ons daaglikse sterwe en opstanding in Christus te beoefen.
Ons begin hierdie seisoen
deur erkenning te gee aan die nodigheid van ons bekering
en aan die genade en vergiffenis
wat verkondig word in die evangelie van Jesus Christus.

Hier is daar ruimte vir 'n loflied

Gebed om die werking van die Heilige Gees in ons aanbidding

Almagtige God
voor wie alle harte oop is
en aan wie alle begeertes bekend is
en vir wie ons niks geheim kan hou nie:
reinig ons gedagtes en ons harte

**deur die werking van die Heilige Gees
sodat ons liefde vir U volmaak mag wees
en ons U op 'n waardige wyse mag aanbid;
deur Jesus Christus ons Here.**

Op hierdie Aswoensdag versamel ons voor God

**Almagtige en heilige God
u Seun, uit gehoorsaamheid aan die Gees,
het veertig dae lank in die woestyn gevas:
gee aan ons die genade om onself só te dissiplineer
dat ons onderweg na Paasfees sal volhard
met ywer in geloof en liefde;
deur Jesus Christus ons Here
wat saam met U en die Heilige Gees lewe en regeer -
een God, van nou af tot in ewigheid.
Amen**

'n Tweede lied kan hier gesing word as inleiding tot die verkondiging

Verkondiging van God se Woord

Epiklese gebed

Here, U het aan ons u Woord gegee
om 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad te wees.
Gee dat ons u Woord só mag oordink,
en ons lewens só daaraan mag hou
dat u Woord vir ons 'n lig sal wees
wat al hoe helderder sal skyn
tot op daardie volmaakte dag
wanneer Jesus Christus weer kom.

Amen.

"The Worship Sourcebook": Tweede Uitgawe: p143

Voorlesing uit die Ou Testament: Joël 2: 12-18

Voorlesing uit die Psalms: Psalm 51:1-12

Voorlesing uit die Nuwe Testament: 2 Korintiërs 5:17-6:2

Lied

Voorlesing uit die Evangelies: Matteus 6:1-6, 16-18

Verkondiging

Hierdie is die standaard skrifgedeeltes vir gebruik en voorlesing op Aswoensdag in die "Revised Common Lectionary." Die leiers van die gemeenskap by wie daar op hierdie dag byeengekom word, kan self besluit watter van hierdie tekste die omstandighede van die gemeenskap die beste pas.

Ons reageer op God se Woord

Voorlees van en respons op die Tien Gebooie

Daar behoort 'n pouse te wees tussen die lees van elk van die gebooie sodat elkeen 'n impak kan maak op die situasie van die gemeenskap sowel as die streek.

Ek is die Here jou God. Jy mag naas My geen ander gode hê nie.

Amen. Heer wees ons genadig

Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak wat jy vereer of dien nie.

Amen. Heer wees ons genadig

Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie.

Amen. Heer wees ons genadig

Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou.

Amen. Heer wees ons genadig

Eer jou vader en jou moeder.

Amen. Heer wees ons genadig

Jy mag nie moord pleeg nie.

Amen. Heer wees ons genadig

Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

Amen. Heer wees ons genadig

Jy mag nie steel nie.

Amen. Heer wees ons genadig

Jy mag nie vas getuienis aflê nie.

Amen. Heer wees ons genadig

Jy mag nie iemand anders se besittings begeer nie.

Amen. Heer wees ons genadig

Skuldbelydenis

Oproep tot skuldbelydenis

Ware bekering bestaan uit die volgende twee sake:

Die afsterwe van die ou self en die opstanding van die nuwe.

Die afsterwe van die ou self is die opregte berou oor sonde, sodat ons dit hoe langer hoe meer haat en ontvlug.

Die opstanding van die nuwe self

is die hartlike vreugde in God deur Christus

en die begeerte en liefde om volgens die wil van God die goeie te doen.

As Christus se liggaam bely ons nou ons sonde saam

en daarmee gee ons ook uitdrukking aan ons begeerte om God vreugdevol te gehoorsaam.

- gebaseer op die Heidelbergse Kategismus,
- Sondag 33, Vraag & Antwoord 88-90.

Gemeenskaplike Skuldbelydenis

Gebruik 'n skuldbelydenis waarmee die gemeente bekend is. Dit is belangrik om tyd toe te laat vir stil nadenke voor die skuldbelydenis self. Indien die as bedien gaan word, behoort dit onmiddellik na die skuldbelydenis te volg. Hierna kan die vryspraak gedoen word.

Bediening van die As

aangepas uit die "Anglican Prayer Book" 1989: p 163

In sommige tradisies word die as voorberei deur die palmkruisies te verbrand wat tydens die vorige jaar se Palmsondag versprei is. Ander moontlikhede sluit in:

- *Versamel as uit 'n veldbrand wat dalk in die gemeenskap gewoed het.*
- *Neem droë gras vanuit areas in die gemeenskap self en gebruik dit nadat dit verbrand is.*
- *Neem as vanuit vure wat gebruik word vir die kook van kos in die gemeenskap, veral indien dit die normale wyse is waarop kos voorberei word.*
- *Gee aan mense die geleentheid om hulle skuldbelydenisse op stukkies papier te skryf wat dan tydens die diens verbrand word. Maak egter seker dat dit afgekoel het voordat dit gebruik word tydens die bediening van die as.*

Waar as gebruik word wat nie kom van die palmkruisies wat die vorige jaar tydens Palmsondag uitgedeel het is nie, moet die bewoording van die uitnodiging dienoreenkomstig aangepas word.

Liewe vriende in Christus, tydens die Christelike Pasga vier ons elke jaar ons verlossing deur die dood en opstanding van ons Here Jesus Christus. Reeds vroeg in die kerkgeskiedenis is Lydenstyd gevier om gelowiges te herinner aan die belangrikheid van bekering en skuldbelydenis.

Indien die leraar die as gaan seën, kan die volgende gebed aan die einde van bogenoemde inleiding bygevoeg word. Die volgende gebed word dan gebid:

Laat ons daarom God ons Vader vra om hierdie as vir ons gebruik te seën.

Here, seën hierdie as vir ons gebruik
en gee dat dit ons mag herinner aan ons sterflikheid.

Amen

Die leraar sê dan die volgende aan die gemeente

Onthou: Stof is jy,
en tot stof sal jy terugkeer.

Die leraar maak dan 'n kruis op die voorhoof of hand van diegene wat vorentoe kom, terwyl daar vir elkeen gesê word:

Draai jou rug op die sonde en glo die goeie nuus.

Nadat almal die as ontvang het, wend die leraar hom-/haarself weer tot die gemeente en sê:

Onthou: Stof is julle,
en tot stof sal julle terugkeer.

Die leraar was dan haar/sy hande en sê vir die gemeente:

Keer terug na die Here met jou hele hart;

laat die verlede agter jou in as.
Keer in tranes terug na die Here deur te vas en te bid
want die Here is lankmoedig en gereed om te vergewe.

Vryspraak

Luister nou na 'n betroubare woord,
'n woord wat sonder voorbehoud aanvaar kan word:
Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos.
Aan almal wat met 'n ware berou en opregte geloof
hulle toevlug tot Jesus Christus, hulle enigste Verlosser neem,
verkondig die Woord van die Here die vergifnis van sonde.
Jesus sê vir jou: "Volg jy my."
Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God,
kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid.
Amen.

- Op grond van 1 Timoteus 1:15, 17
- "The Worship Sourcebook": Tweede Uitgawe: p121

Gebede

Die gebede van die gemeente behoort gelei te word op 'n manier waarmee die gemeente gemaklik en bekend is. Dit kan die volgende insluit:

- *gebede voorberei deur 'n voorbidder*
- *spontane gebede deur individue in die gemeente*
- *gebede in klein groepies in die gemeente*
- *'n responsoriese litanie (smeekebed) wat soos volg kan lyk:*

In tye van swaarkry en vertwyfeling:

Ons vertrou op God

Ons enigste troos in lewe en sterwe is dat ons aan Jesus Christus behoort:

Ons vertrou op God

Lyding kweek groei en ontwikkel volharding:

Ons vertrou op God

God, die Skepper voorsien fonteine van lewe en water:

Ons vertrou op God

Te midde van lyding kan ons God se teenwoordigheid soek en dit daar vind:

Ons vertrou op God

Te midde van lyding kan ons medegelowiges opsoek en geloofsgemeenskap by hulle vind:

Ons vertrou op God

In tye van beproewing hoef ons nie in vrees te leef nie:

Ons vertrou op God

Ons sal nie wanhopig word nie:

Ons vertrou op God

Ons sal ons oë gevestig hou op die Here wat in beheer is:

Ons vertrou op God

Ons kan ons rol as rentmeesters van God se skepping herontdek:

Ons vertrou op God

Amen

Diens van die Tafel

Vredesgroet

God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus.

Mag die vrede van die Here altyd met julle wees.

En ook met jou.

Die bediening van die brood en die wyn

Brood en wyn word na die tafel gebring op die wyse waaraan die gemeente gewoon is.

Die Groot Dankgebed

Uit "Unity in Worship" – Liturgieë voorberei deur die "Church Unity Commission."

Die Here is met julle

En ook met jou

Hef op julle harte

Ons hef ons harte op na die Here

Kom ons dank die Here ons God

Dit is goed dat ons die Here loof en dank

Aan U kom die lof toe genadige God, Skepper van hemel en aarde. Ons loof en dank U deur Jesus Christus ons Here, wat versoek was en tog nie aan die versoekings toegegee het nie. Deur sy genade kan ons die bose oorwin en leef ons nie meer vir onself nie, maar vir Hom wat vir ons gesterf en uit die dood opgestaan het. Daarom verhef ons ons stemme saam met al die engele wat U deur die eeue gedien het om die heerlijkheid van u Naam bekend te maak.

**Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige!
Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.
Prys Hom in die hoogste hemel!
Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!
Prys Hom in die hoogste hemel!**

Ons dank U, Here ons God vir die goedheid en liefde wat U aan u skepping bewys het; deur Israel te roep om u volk te wees; deur u Woord wat deur die profete verkondig is; en veral deur die Woord wat vlees geword het in Jesus Christus, u Seun.

In hierdie laaste dae het U Hom gestuur om gebore te word uit die maagd Maria - die Verlosser van die wêreld. In Hom het U ons verlos van die bose en in Hom het U ons waardig gemaak om voor U te verskyn. In Hom het U ons as sondaars van ons dwaalweë terugbring na die waarheid, van ons sonde na geregtigheid, vanuit die dood na die lewe.

Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem, en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis."

Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis."

Hemelse Vader, soos wat ons Here Jesus ons beveel het:

**Onthou ons sy dood;
Verkondig ons sy opstanding;
Wag ons op sy wederkoms;**

en deur Jesus bring ons aan U hierdie brood en hierdie wyn as offers van lof en danksegging vanuit u skepping. Genadige God, ons bid dat U deur die kragtige werking van die Heilige Gees hierdie brood en hierdie wyn tot sakramente sal maak van die liggaam en die bloed van ons Here Jesus Christus.

Versoen alle dinge met Usself, Here. Maak alles nuut en bring ons in die volheid van die tyd na die nuwe Jerusalem waar U sal woon saam met al u seuns en dogters, deur Jesus Christus ons Here, die Eerste, verhewe bo die hele skepping, die hoof van die kerk en die bron van ewige verlossing.

Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!

Amen

Die Onse Vader

Die instelling van die nagmaal en die uitnodiging aan die gemeente

Die uitdeel van die tekens

Die tekens word uitgedeel aan die gemeente op die wyse waaraan hulle gewoon is.

Uitsending

'n Loflied kan hier gesing word in die plek van die uitsending

Danksegging vir die erediens

Almagtige God, u weet dat ons nie daartoe in staat is om onself te help nie:
Terwyl ons dan nou daaraan herinner is dat die ganse skepping in hierdie dae intense
lyding beleef, bid ons dat U ons uiterlik en innerlik sal bewaar;
dat ons bewaar sal word van aanvalle teen liggaam en gees,
deur Jesus Christus ons Here.

Amen

Gebed om self-offergawe

Almagtige Vader
ons bied onself aan U
as lewende offers in Jesus Christus ons Here.
Stuur ons uit na hierdie wêreld in die krag van die Heilige Gees
om te lewe en te werk tot die eer en verheerliking van u Naam.
Amen

Gebed vir Afrika

God seën Afrika.
Bewaar ons kinders.
Transformeer ons leiers.
Genees ons land.
Herstel ons waardigheid,
en gee ons vrede.
Om Jesus ontwil.
Amen

Seën

Mag Christus jou die genade gee om te groei in heiligmaking,
om jouself te verloën
deur jou kruis op te neem en Hom te volg
terwyl jy jou hoopvolle reis voortsit, en
terwyl ons uitsien na die fees van die opstanding.
Mag God die Vader, die Seun, en die Heilige Gees
by jou wees en bly, van nou af tot in ewigheid.
Amen

Wegstuur

Aan 'n wêreld vol sorg en bekommernisse:

Die vrede van Christus

Aan 'n soekende wêreld:

Die liefde van Christus

Aan 'n wêreld wat wag:

Die hoop van Christus

Gaan daarom nou in vrede om lief te hê
en dien die Here!

In die Naam Christus Jesus, ons Here. **Amen**

